SAKE VAN DIE DAG

Doel

- Om jou te help om ingelig te bly en 'n redelike algemene kennis oor huidige sake op te bou
- Om jou te help verstaan dat jy die media ook tot voordeel van Die Voortrekkers kan gebruik

Uitkoms

- Bespreek sake van die dag op al die genoemde terreine met 'n nie-Voortrekker
- Onderskei belangrike van onbelangrike nuus
- Plaas 'n nuuswaardige berig in 'n koerant
- Skryf 'n toepaslike brief aan 'n koerant oor Die Voortrekkers

Doenwenke

- Gaan soek iemand uit en skep 'n geleentheid waar julle oor een of ander belangrike saak van die dag kan praat
- Besluit as 'n span saam oor wat belangrike van onbelangrike nuus onderskei
- Neem 'n paar koerante en merk belangrike berigte met een kleur en onbelangrike berigte met 'n ander kleur
- Gaan lê besoek af by jou plaaslike of omgewingskoerant
- Praat met 'n joernalis oor nuuswaardigheid van 'n berig

Slaggate

- As jy nie hou van lees nie
- As jy net hoofopskrifte lees
- As jy nie kan onderskei tussen belangrike en onbelangrike nuus nie
- As jy daarvoor skrik om standpunt in die openbaar in te neem
- As jy onbelangstellend is

Om op die hoogte te bly van dit wat aangaan in jou omgewing, in die land waar jy woon en die wêreld is altyd belangrik. Dit kan van groot waarde wees wanneer belangrike besluite of keuses gemaak moet word.

Plaaslik

Elke dorp of stad het deesdae hul eie plaaslike koerant. Die koerant kan van groot waarde wees vir die gemeenskap en sy mense. Vir Die Voortrekkers in die spesifieke omgewing kan dit geleenthede skep om die mense in die dorp of stad bewus te maak van Die Voortrekkers en dit wat Die Voortrekkers beplan of gaan doen.

Bly ingelig oor gebeure in jou omgewing deur die plaaslike koerant behoorlik te lees.

Streek

Nie alle streke of gebiede het koerante of inligtingsblaaie nie. Die meeste streke het egter een keer per week 'n bylaag in die nasionale media wat meer trefkrag het as die plaaslike media.

Nie net kan die streekskoerant of bylaag tot nasionale media gebruik word om ons eie belange bekend te stel en te bemark nie,maar dit kan ook gebruik word om jou kreatiewe denke te stimuleer om sodoende interessante aktiwiteite vir jou eie mense aan te bied. Die streekskoerant of bylaag kan benut word om Die Voortrekkers verder te bemark.

Dit is baie belangrik dat elke persoon op die hoogte sal wees met alles wat in jou streek of omgewing gebeur.

Provinsiaal

Die nasionale media versprei nuus en inligting deur onder andere die drie susterskoerante, naamlik Die Burger [Kaap], Volksblad [Vrystaat] en Beeld [Gauteng, Limpopo, Noordwes en Mpumalanga]

Die nuus wat deur hierdie koerante versprei word, is hoofsaaklik op die spesifieke provinsie gerig, maar tog word gemeenskaplike nuus aan die ander susterskoerante deurgegee. So sal die Volksblad nasionale nuus van Die Voortrekkers aan Beeld en Die Burger deurgee. Die Voortrekkers moet die media baie meer gebruik om hulle saak te bevorder.

Nasionaal

Om mediadekking op nasionale vlak te kry is nie so maklik nie. Dit is egter nie onmoontlik nie. Die belangrikste om te onthou is dat die nuus wat jy geplaas wil hê, nuuswaardig MOET wees. Die media se sukses word bepaal deur die "storie" wat hulle weergee.

Die Voortrekkers moet alles in hulle vermoë doen om soveel moontlik mediadekking op nasionale vlak te kry en dit is die taak van die Hoofbestuur. Jy as Verkenner het ook die taak om nuuswaardighede aan verantwoordelike persone deur te gee.

As positiewe landsburger en moderne Afrikaner is dit belangrik dat jy sal seker maak dat jy te alle tye ten volle op die hoogte is van gebeure in jou land.

Internasionaal

Dit is altyd goed om te weet wat in die wêreld om jou aangaan. Om mediadekking op internasionale vlak te kry sal beteken dat dit wat gedoen word van internasionale waarde moet wees.

Gebeure in ander dele van die wêreld het op die lange duur tog 'n uitwerking op jou as individu, ongeag van waar jy woon of werk. Sou die olieprys verhoog, gaan die brandstofprys verhoog en dit raak jou beursie. Dit gaan verdere gevolge hê; dit kan beteken dat die verkoopprys van verbruikbare items kan verhoog wat jou verder sal affekteer.

Dit is daarom goed om gereeld nuus te kyk, koerant te lees, radio te luister - nie net musiek nie, maar ook na die aktuele sake en gesprekke wat daar van tyd tot tyd op radio en televisie is.

Onthou:

Die beste Voortrekker is 'n ingeligte Voortrekker wat strewe na 'n positiewe beeld.

Die regeringstelsel van die R.S.A

Die regeringstelsel word in drie sfere wat interafhanklik is, verdeel.



1. DIE NASIONALE REGERING

Die Parlement bestaan uit 350 - 400 lede wat elke vyf jaar in 'n algemene verkiesing verkies word.

Die Nasionale Uitvoerende Gesag

2. PROVINSIALE REGERING

Provinsiale Uitvoerende Gesag

3. PLAASLIKE REGERING

Munisipaliteit

Doenwenke

OPDRAG	DOEL	TAKE
1. Kry inligting oor die landsbestuur.	1. Om staatkundige werking van die land te verstaan.	1. Reël met 'n kenner om die span in te lig.
2. Reël 'n debat oor 'n staatkundige saak.	2. Om te leer hoe om oor belangrike sake 'n debat te voer.	2. Reël 'n debat in die span om 'n saak te stel en te verdedig.
3. Bespreek 'n nasionale gebeurtenis soos dit in die koerante beskryf word.	3. Om te leer hoe koerantberigte ontleed en gebruik word.	3. Kies 'n saak en ondersoek al die feite en bespreek dit in die span.

Die opdragte is belangrik sodat jy kan verstaan hoe om jou kennis en oordeel te gebruik in nasionale sake. Jy moet leer hoe om oopkop en krities te wees oor wat staatsleiers en kultuurleiers sê en doen. Onthou dat dinge wat by en met die landsbestuur gebeur, jou lewe persoonlik raak.